# *Loergaatjie op ons Lewens*

*Im Nustenbacher Grund 8, 74821 Mosbach, Duitsland – Tel +49 6261 6741700 - Email:mengessandra@gmail.com*

September 2011

Liefste Julle!

Vanoggend wil ek, voor ek besig raak, eers by julle kuier. Julle is so dikwels in my gedagtes, ek is nog so besig om met en by julle te kuier in my hart, dat ek glad nie kan glo hoe lanklaas julle van my gehoor het nie. Ek is jammer, hoor! Drie dinge het dit moeilik gemaak om by skryf uit te kom: 1. Ek het al baie keer probeer, maar besef ek moet eers alles wat ons in SA beleef het, innerlik verwerk voor ek daaroor kan skryf. 2. Ons lewe het met 'n geweldige tempo hier aangegaan en ek voel ek haal nou vir die eerste keer asem sedert ons terug is. 3. Ek sit met 'n geweldige pyn in my een been agv verkalking van 'n spier in my heup. Om dag en nag met permanente pyn te leef vir net oor die drie maande, is vir my 'n nuwe ervaring en kos baie energie. Oorlewing was prioriteit in al die aspekte van my lewe. Die pyn is nog daar, maar definitief minder. In die proses het ek nuwe respek gekry vir ouer mense – dit kos 'guts' om oud te word – en die van julle wat dit met soveel grasie doen: ek haal my hoed vir julle af! Ek het definitief nie die emosionele energie gehad om 'n nuusbrief te skryf nie – nie as so 'n brief my enigste manier is om by julle te kuier nie.

Maar eers oor SA. Daar is in al 5 ons harte 'n ongelooflike tevredenheid en dankbaarheid oor ons tyd in SA. Dit was die allerbeste tyd in elke aspek – definitief 'n 'once-in-a-lifetime' ervaring! Ons was so bewus van 'n wolk van seën wat oor ons kop gehang het die hele tyd. Julle het geen idee hoe dit ons gevoed en nuwe krag gegee het nie!!! Nee regtig: dit was nie net 'n kuiertjie nie. Dit was 'n stuk oase wat ons dors geles en ons kragte herwin het. Ek kry sommer trane in my oë!

Vir myself: toe ons aangekom het, was my selfbeeld en my binneste soos 'n rosyntjie. Die jare van in Duitsland woon, het sy tol geeïs. In Duitsland is ek die buitelander met die vreemde idees. Mense is gefassineerd daardeur, maar vind dit vreemd. Om elke keer die gevoel te kry jy kom van Mars as jy jou mond oopmaak, is nie lekker nie. My grootte is in Duitsland aan die te groot kant – tot op die punt van nie altyd klere kry nie. Anders as in SA waar ek so lekker in die middel van die winkelrak iets kan uithaal wat pas. In Duitsland is 100% die verwagting. Kommentaar word net gelewer wanneer dinge nie op standaard is nie – as dit goed en reg is, is dit nie noemenswaardig nie. Die gevolg is dat mens min positiewe dinge van mense hoor – oor jouself of oor ander dinge. Dit is 'n relatiewe negatiewe klimaat. In Duitsland word ons afgeskuif op die radarskerm van mense, gestempel as 'te Christelik'. En so kan ek aangaan. Nee, alles in Duitsland is nie sleg nie, maar dinge soos die het my vogtigheid uitgesuig en my soos 'n rosyntjie teruggelaat.

Ons kuier in SA het my weer gevoed op 'n manier wat julle nooit sal verstaan nie: julle hartlikheid, die manier wat julle ons omvou het met liefde en aanvaarding (selfs bewondering) het my so goed gedoen!!! Die manier wat ek sommer net kon wees tussen mense soos ek, om te kan TUIS voel het my so goed gedoen! Julle het my siel gevoed en my behoefte aan liefde en aanvaarding opgevul op 'n manier wat ek so nodig gehad het. Deur dit het ek 'n nuwe rustigheid by God gekry en kon ek nuut ervaar wat op Sy hart is vir my hier-wees in Duitsland. Julle omgee het my hart weer oopgemaak en ek kon opnuut visie ontvang –iets wat nou in my hier-wees in Duitsland 'n geweldige verskil maak. Daarvoor sê ek baie, baie dankie!

Ons was regdeur so bewus van God se voorsiening: Ons het in 12 beddens geslaap in 96 dae – 6 verskillende karre geleen en nooit, nie een dag, nie 'n bed, 'n kar of kos gehad nie! Dinge wat mens in die normale lewe vanselfsprekend aanneem, was vir ons in SA 'n geskenk van God. Nou, terug in Duitsland, sien ek ons huis, kar en kos nie meer as normaal nie, maar steeds as 'n geskenk van dieselfde Voorsiener! Hy het ook op ander maniere voorsien: sakgeld vir die kinders, spesiale ervarings en JULLE wat daar is vir ons en regtig omgee, selfs na al die jare van ver weg wees!

Daar is baie spesiale dinge wat vir ons uitgestaan het – ek kan nie almal noem nie, maar noem 'n paar om julle 'n idee te gee: ons is Kruger Wildtuin toe met die kinders – twee nagte, drie dae in tente. Voor die tyd het ek die kinders gewaarsku dat dit nie 'n dieretuin is nie en dat die diere nie langs die pad gaan staan en wag nie. Wel, die diere het. Ons het in 3 dae 3037 diere gesien (ja, Annelie het elke dier apart getel!). Ons het 11 leeus, 160 olifante, 37 krokodille en en en gesien. Ons het leeus gesien wat buffels jaag, ons het kameelperde wat baklei gesien, ons het olifant babas gesien wat speel, regtig speel en nog soveel meer! En alles reg langs (of op) die pad. Ons het 'n normale mik en druk kamera en dit is ongelooflik hoeveel goeie foto's ons kon neem omdat die diere letterlik om ons was. Wat 'n geskenk!

'n Ander spesiale ervaring was om te sien hoe die niggies en nefies mekaar eenvoudig geniet het. Na 5 jaar van nie sien nie – en van hulle het mekaar nog nooit gesien nie - het hulle net 'n uur of so gevat om warm te word en toe gespeel asof hulle altyd bymekaar is. Dit het my hart so goed gedoen! Kosbare oomblikke tussen die kinders sal vir altyd in my hart ingegraveer bly. Ook tussen my en my eie broer en suster en hulle huweliksmaats, was net so kosbaar! Lekker kuiertyd met my ouers. Hoe baie mis ons nie omdat ons nie naby woon nie! Maar om te sien dat in ons harte ons dit in elk geval het, is kosbaar.

Ons tyd met Bergsig gemeente staan ook uit as n juweel. Soveel kosbare geleenthede, soveel saambid, saamkuier herinneringe, soveel nuwe mense wat ons met oop arms en harte verwelkom het, soveel lekker oomblikke met 'ou vriende'. Om te weet 'n hele gemeente staan agter ons en sorg vir ons, is weer eens 'n ongelooflike geskenk en lekkerte.

Dan dink ek aan ons kosbare ervarings in die land: van luister hoe die see skommel, vis eet met uitsig, bergklim ervarings en die Montagu Mania wat ons almal met ons ouma en nefies kon hardloop. Trekkerritte en dieretuin besoeke, mooi landskap en ontdekkings van mooi skulpies, blommetjies en klippies. Braai by die dam, perdry, sandpit speel – dae aaneen. Verwondering aan die verskeidenheid visse in die akwarium… Sonsondergange…. Te veel om te noem. Hulle is in ons harte gebêre en ons haal hulle weer en weer uit en kyk daarna en geniet dit eenvoudig.

Ons was ook ongelooflik beïndruk met Suid-Afrika en sy mense. Die land is veiliger as wat ek dit in baie jare kan onthou. Die taxi's is nuwer en ry versigtiger. Baie van julle leef julle geloof uit op so 'n manier dat dit vir ander mense regtig 'n verskil maak – julle sien mekaar RAAK! Julle strate is in uitsonderlike goeie toestand – selfs die grondpad in die middel van nêrens. Julle dienste is stadig, maar die algemene verhouding tussen mense van verskillende rasse het aansienlik verbeter. Meer swartmense het regtig selfvertroue en voel gemaklik met hul landsgenote. Julle is ongelooflik kreatief en vol idees. Julle is seker een van die enigste lande wat regtig uit niks besonderse goeters kan maak. Goed wat regtig mooi is. En julle kan lag. Gemiddeld is daar geweldig baie mense – selfs op die straat - wat lag of gelukkig lyk. Dood is nie vir julle skrikwekkend nie. Dit is hartseer, 'n groot verlies, maar dit het vir baie van julle sy angel regtig verloor. Suid-Afrika is 'n land met geweldig baie potensiaal en moontlikhede en, omdat so baie van julle regtig glo, is julle 'n land met hoop – meer as wat julle besef.

O, ek is seker daar is individue wat anders dink en voel, maar die oorweldigende indruk is so positief. Al drie ons kinders het op 'n stadium gesê dat hulle hul 'n lewe in SA kan voorstel. Om eerlik te wees, het ek ernstig God gevra om vir ons 'n deur in SA oop te maak sodat ons kan kom. Maar daar was niks – nie eers een moontlikheid nie. Weer eens word dit vir my so duidelik dat ons hier nodig is. Hier waar ons is.

En daarom is ons terug. Na ons terugkoms het ons kinders een dag skool gehad voor ons ses weke somervakansie begin het. En ons het dit nodig gehad. Tyd om te verwerk, tyd om verlore skoolwerk in te haal, tyd om aan te kom emosioneel. Twee dae na ons aankoms is Tobias Teenstreet toe vir 'n week, gekamp onder 'n brug, min geslaap en die tieners die moontlikheid gebied om die Bybelstudies nog te verdiep deur verdere gesprekke oor die temas. Hy het baie tevrede teruggekom. In die vakansie het ons nog ons sitkamer weer vernuwe met nuwe muurpapier. Daarmee saam het ons besluit om 'n stukkie Afrika in ons huis te bring – iets wat my hart nodig gehad het. Dit was bitter harde werk vir ons al 5, maar dit lyk so mooi. Liesl en Ilana was ook op twee verskillende kampe en Annelie is in dieselfde week saam met haar pa op 'n sakereis. Tobias moes in Halle met die span daar 'n jaarlikse vergadering hê waarin hulle kyk hoe hulle hul doelwitte bereik het en wat hulle nuwe doelwitte vir die volgende jaar is. Probleme is deurgepraat en moontlike veranderinge is aangespreek. Tobias wou graag die 12 ure op die pad heen en weer met sy oudste dogter kuier en ook hê dat sy sien wat hy doen as hy so oppad is. Sy het dit verskriklik geniet! Het selfs stoksielalleen vir die span gekook!

Skool het 'n week terug begin en die kinders is hoogs tevrede om terug te wees. Hulle het nuwe onderwysers, nuwe roosters en nuwe uitdagings. Annelie is selfs die week met haar klas op die noordste eiland in Duitsland (reg oor Denemarke vir n weeklange uitstappie. Maar die grootste en spesiaalste ervaring die afgelope tyd was verlede Sondag. Ons drie kinders is gedoop!

As babas het ons ons kinders net aan die Here gewy en nie gedoop nie omdat ons hulle die geleentheid wou gee om self die besluit te neem. 'n Jaar terug kom al drie dogters – in een dag, onafhanklik van mekaar, en sê dat hulle gedoop wil word. En so het dit 'n jaar geduur voordat ons dit kon doen. Eerstens is ons predikant kort daarna weg – en ons kinders

wou nie deur iemand gedoop word wat hulle nie ken nie. Tweedens was dit kort daarna winter en, aangesien hulle in 'n rivier gedoop wou word, was dit minder ideaal. En toe gaan ons SA toe. Toe ons terugkom, wou die kinders wag tot hul maats van vakansie terug is en so het dit gekom dat ons kinders die eerste Sondag na die skoolvakansie, voor dit weer te koud word, gedoop is - in die riviertjie agter ons huis (ons woon langs die kerk). Die kinders het die gastelys saamgestel. Die gastelys was so lank dat die predikant besluit het om liefs vir ons 'n ekstra erediens te hou. En so kon die kinders self besluit hoe die erediens moet lyk. Hulle het self hulle aanbiddingsspannetjie gekies (drie sussies, bietjie ouer as hulself) en saam met die drie sussies self besluit watter liedere gesing gaan word. Dit was regtig hulle ding. En ons het op die kantlyn gesit en dit verskriklik geniet!

Sondagmiddag 2nm, die koudste dag van die week (14 Grade Celsius) is ons kinders gedoop nadat hulle voor almal vertel het wat hulle glo en waarom hulle gedoop wil word. Die erediens was 2 ure lank (dit kom daarvan as mens die kinders self laat kies!) en 120 mense het opgedaag – die helfte was kinders wat die hele erediens deurgesit het! En 'n hele paar glo self nie. Na die baie besonderse diens en doop, het ons almal vir koffie en koek uitgenooi. Gelukkig het ons die fasiliteite by die werk om dit te kan doen. Baie het gehelp koek bak en ons kon 'n buffet met 25 koeke aanbied. Was dit 'n fees! Die atmosfeer was ongelooflik, die kinders het alles so bewus beleef en die terugvoer is baie positief. Ek glo dat dit regtig 'n impak gemaak het op hul vriende. Definitief 'n geleentheid wat ons nie maklik sal vergeet nie!

Vir myself het ook nuwe deure oopgegaan. In Suid-Afrika het ek en Tobias regtig die indruk dat die Here 'n nuwe paadjie met my wil stap. Ek wil graag 'n kreatiewe koffiewinkel oopmaak waarin mense kan kom sit en dinge maak terwyl hulle koffie drink. Ek wil kunsmateriaal van verskeie soorte beskikbaar stel, soos mosaïek, verf, krale en nog baie meer. Mense kan kom en sommer net kreatief wees. My doel is aan die een kant om 'n oase aan te bied met 'n positiewe atmosfeer waar mense net kan wees. Ons lewe is so gejaagd en ek glo dat ons almal geweldig behoefte het om rustig te word. Ek wil geleentheid skep daarvoor. Ek wil ook 'n plek hê waarheen mense met lewensvrae en krisisse kan kom. Deur kuns en hopelik deur gesprekke sal ek graag vir hulle wil help om by God uit te kom. In Europa is die nuwe sendingstrategie dat die kerke nie meer probeer om die mense by die kerk te kry nie, maar om na die mense te gaan – waar hulle is, en hulle daar te bereik. Veral die Anglikaanse kerk het 'n paar baie suksesvolle projekte in die lyn aan die gang en Duitsland is besig om self te eksperimenteer. Tobias wil graag die projek gebruik as 'n loodsprojek om daaruit te leer vir die res van Europa – om te sien of dit sal werk. Geld maak sal lekker wees, maar ek glo as dit hoegenaamd geld maak, dan eers baie jare later.

My besigheid het al n naam: Inspiration. Dit word in Engels en Duits dieselfde uitgespreek. Ek het die naam gekies omdat dit aan die een kant die woord is vir 'n kreatiewe idee, aan die ander kant vir iets wat mens van die Heilige Gees ontvang. Dit pas daarom perfek. Ek het al my logo ontwerp en ons wil binnekort die besigheid registreer. In die begin sal ons nog nie 'n winkel hê nie aangesien die huur vir so 'n plek net eenvoudig te hoog is. Ek beplan om met 'n 'party service' te begin – ek kom na jou huis en bied die kreatiewe deel van die verjaardag aan op bestelling. Vir alle ouderdomsgroepe en alle geleenthede. Lekker is dat dit nie twee keer dieselfde hoef te wees nie en dit beteken dat mense my weer en weer kan nooi. Ek kan dan self bepaal hoe dikwels ek dit doen – nav wat vir ons as gesin die beste is. Die kinders kan help oor naweke – waaroor hulle opgewonde is. In die proses hoop ek om kliënte te wen en ervaring te kry. Intussen gaan ek soek vir mense wat bereid is om te help – met winkelure en ook finansieel met die huur van die lokaal. Ek wil dit regtig as 'n 'ministry' bedryf – maar wil dit n offisiële firma maak sodat dit vir die buitestaander nie na kerk of sending ruik nie. Die ding is nog in sy babaskoene maar ons is baie opgewonde daaroor. Sodra my been weer gesond is, sal ek begin adverteer. Julle kan bid dat God regtig sal bepaal hoe dit ontwikkel. Dit sal ek baie waardeer.

So, nou het ek baie vertel en is julle weer op datum. O ja, nog net een ding: Ilana het n maatjie gekry. Die maatjie glo nie eers dat Jesus ooit regtig geleef het nie, maar pas in haar wese goed by Ilana, so ons is baie dankbaar. Dit is n dogtertjie in haar klas wat besef het, toe ons weg was, dat Ilana haar ideale maatjie is. Die ouers is ook baie oulik. Miskien het God n doel met die vriendskap? Vir nou is ons net dankbaar dat die alleen pouses by die skool 'n einde het.

Mag julle God se seën in julle eie lewe erken terwyl julle die lente geniet.

Baie liefde van ons – wat so bly is oor julle

Tobias en Sandra met Annelie, Ilana En Liesl Menges